# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

REACHING NATIONS

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XVII YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2024 JUNE No. 12


### DIE HEILIGE SKRIF

*Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.*

### SPREUKE 21:1-10

1. Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.
2. In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid.
3. Die Here verkies dat 'n mens doen wat regverdig en reg is eerder as dat jy offers bring.
4. Die sonde van goddeloses begin altyd met selfverheffing en eiewaan.
5. Wat hardwerkende mense beplan, is nuttig, maar elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.
6. Skatte wat met bedrog versamel is, verdwyn in die wind en bring die dood.
7. Die geweld van goddelose mense vernietig hulleself, want hulle weier om reg te doen.
8. 'n Slegte mens loop krom paaie; 'n eerbare mens tree eerlik op.
9. Liewer bo-op 'n dak woon as saam met 'n twisgierige vrou onder een dak.
10. 'n Slegte mens smag na meer kwaad; hy het nie medelye met sy naaste nie.

# DIE HERE HET JOU NODIG!

## THE LORD NEEDS YOU!

*Hoofredakteur, Ds. Angeline Selvakumari*



Groete aan al my **Echo of His Call** uitgebreide familielede!

Ek kan amper nie glo dat die eerste helfte van 2024 byna verby is nie. Die tyd vlieg so vinnig. Ek dink dit is waarom die Bybel ons leer om ons tyd wys te gebruik. **Maak die beste gebruik van elke geleentheid** (Efesiërs 5:16). Niemand ken tyd beter nie as Jesus Christus. Hy het geweet wanneer om geheim te hou en wanneer om aan die wêreld te verklaar waarom Hy gekom het.

Jesus se intog in Jerusalem in Markus 11 is 'n besondere gebeurtenis. Tot hier het Jesus nie openlik verklaar dat Hy die Messias is nie. Maar toe Hy op die donkie Jerusalem binne gery het, het Hy openlik verklaar Hy is die Messias, en so die profesie van Sagaria 9:9 vervul.




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleenteheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

Elke dag – From 2.00 vm

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

# ECHO OF HIS CALL - (1969-2019 GOLDEN JUBILEE YEAR)

## *van julle geliefde broer...*




> Mag daar aan die roem van die Here geen einde wees nie! Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf.
>
> • **Psalm 104:31** •



**Ons Sendingopdrag**

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.


**HON. EDITOR-IN-CHIEF**

Rev. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

**HON. MANAGING EDITOR**

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

**GENERAL MANAGER**

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM, MBA.

**ADMINISTRATION**

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

**EDITORIAL BOARD**

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Sis. L. Mariya Anjalin, M.A., M.Sc., B.Ed.
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran

**EDITOR, PUBLISHER & PRINTER**



Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858
95661 31858

**E.MAIL**

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

**WEBSITES**

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.com

**YOUTUBE CHANNEL**

Echo of His Call


Liewe vriende in Christus!

Ons groet julle in die wonderlikste Naam van ons Here en Verlosser, Jesus Christus!

Julle weet mos ons is besig met die heropening van ons **Nehemia Bybelkolleges** in Chepauk (Tamil medium), Santhoshapuram (Tamil medium) en Velachery (Hindi medium, voltyds) op die 3de Junie 2024, na die Gradueringsdiens vir die studente wat afstudeer op die 1ste Junie 2024. Hierdie studente gaan nuwe sendingwerke doen op verskillende plekke waar daar nie kerke is nie. Bid asseblief hiervoor.

Ons benodig lektore met M.Div. of M.Th. kwalifikasie vir ons Hindi medium **Nehemia Bybelkollege**. En ons benodig ook meer studente vir hierdie kollege.

Bid ook asseblief dat ons meer studente kry vir ons Engelsmedium Christelike skool, **St. Paul Matrikulasieskool**. Ons beoog om goeie geestelike leiers op te lei en Kerke te plant in onbereikte plekke. Hiervoor vra ons ook julle gebedsondersteuning.

Soos die Here se werk vorder, ondervind ons deesdae 'n soort geestelike oorlog. Die meeste van ons werkers of hulle gesinslede word aangeval met ernstige siektes, en dit maak dit moeilik vir hulle om op hul bedienings te konsentreer.

Help ons asseblief deur julle gebede en vrywillige offers. Ons kon nie ons ondersteuning en salarisse uitstuur vir die meeste van ons veldwerkers nie weens gebrek aan fondse. Ons kyk op in die oë van ons Here Jesus Christus vir ons behoeftes.

Ons bid vir julle.

Julle dienaars in Christus Jesus,


PS. ALEX SAMSON SAM
PS. S. SAM SELVA RAJ
(+91) 98412 71858 / 98410 71858, Epos: sam@echoofhiscall.org


**Hulle bring toe die donkie na Jesus toe en sit van hulle klere op hom, en Jesus het opgeklim. Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi en party weer groen takkies wat hulle langs die pad afgebreek het.**

(Markus 11:7-8).



*Hosanna in die hoogste!*

## VRIENDELIKE AANDAG: ECHO OF HIS CALL LESERS

Ons 5 minute **Echo of His Call** YouTube boodskappe word uitgesaai vanaf 2.00 vm. in Tamil, Telugu, Engels en Hindi (daagliks). Jy kan die genade van God ondervind deur daarna te kyk.

Nog meer, stoor my mobiele nommers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (persoonlik) op jou selfoon.

- Pr. S. Sam Selva Raj

Jesus het goed geweet wat met Hom sou gebeur, maar tog het Hy hierdie reis geneem, wetende dit is die regte tyd. Die mense het gejuig en gesing en geprys, maar Jesus het geweet oor enkele dae gaan die mense Hom verneder, ontklee, bespoeg, slaan en kruisig. Hy het geweet sy dood op die kruis gaan 'n seën wees vir alle geslagte. Sy gebrokenheid gaan verlossing vir die mensdom bewerk.

Drie frases in Markus 11 het my aandag getrek:

Hy sê vir hulle: **"Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie vasgemaak kry. Geen mens het nog op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier."** (Markus11:2).



***Dissipels kry 'n vasgemaakte donkie.***

**1. Kry hom!**
**2. Maak hom los!**
**3. Bring hom!**

## 1. KRY HOM!

Jesus het twee van sy dissipels gestuur om 'n donkie te gaan soek. 'n Donkie is 'n simbool van vrede, terwyl 'n perd soos deur Salomo ingevoer vanaf Egipte 'n simbool van oorlog was. 'n Donkie is ook 'n simbool van nederigheid en kon swaar vragte dra. Nie juis aantreklik nie, maar baie gebruik deur die Jode in hulle landerye en meulens.

Jesus se opdrag aan die dissipels was om 'n donkie te gaan kry.

God is nog besig om donkies te kry (jy en ek). Hy soek steeds na iemand wat Hom kan dra, sy Woord, sy bedoeling. Hy soek ernstig na iemand wat die tyd het en gewillig en beskikbaar is, sodat Hy hulle kan gebruik. Hy is 'n besige Menslike Hulpbron Bestuurder.

Maar toe die dissipels die donkie gaan haal, vind hulle die donkie

* Vasgemaak by die deur
* waar twee paaie ontmoet (by die kruispad).

Ons wat in 2024 leef, is besig met iets – hoekom was jy nie by die Bybelstudie nie? "Ek was besig, pastoor, met werk." Ek het jou nie by die erediens gesien nie. "Jammer, pastoor, vasgeval met my persoonlike werk of gesinsake." Hoekom was jy nie by die lofsangoefening nie? "Jammer, ek was besig met my kursuswerk." Verstaan mooi, al hierdie dinge is belangrik. Maar wat ons nodig het is om te verstaan hoe die satan ons besig hou, met werk, gesinne, verhoudings, onderrig en geld maak.

Mense dink hoe meer hulle verdien, hoe meer kan hulle spaar. Nee, dit is bog; hoe meer geld ons maak, hoe groter ons uitgawes. Mense koop soms goed en werk baie lank om die lening af te betaal, soveel dat hulle nie tyd het om te geniet wat hulle gekoop het nie.

God soek ernstig na mense wat Hom kan bedien, maar Hy sien net mense wat aan die deur vas is – die deur van werk, of die bou van huise, besig met hul eie kastele, met die uitbreiding van hul grense.

Weet jy wat die Engelse "BUSY" afkort? **B**eing **U**nder the

| | | |
|---|---|---|
| **B** | → | Being |
| **U** | → | Under the |
| **S** | → | Satan's |
| **Y** | → | Yoke. |

Satan's Yoke. Hy hou ons voortdurend besig sodat ons nie tyd het om te bid, of in die Bybel te lees, of te vas, oordink, onderlinge kuiers, of om saam erediens te doen nie.



**Jesus Christus gee om vir jou!**

**Mag God ons help om los te kom van besig wees onder die satan se juk, wat swaar en moeisaam is, en onder ons Verlosser se juk te kom, want sy las is lig en sag** (Matteus 11:28-30).

As ons nie onder ons Verlosser se juk is nie, is ons onder die satan s'n. En as ons onder die satan se juk is, het ons nie tyd vir ons gesin, persoonlike verhouding met God, ons gemeentelike take nie. Ons sal heeltemal onder God se wil of doel uit wees. Dit is nou tyd om 'n keuse te maak.

Dalk is jy nou by die kruispad, verward en deurmekaar. Jy voel in alle rigtings getrek, kan nie kies nie. Gee jouself oor in die hand van Jesus Christus wat vir jou aan die kruis gesterf het, wat al jou seer, kommer, mislukkings, vloeke en straf gevat het. Hy kan jou paaie reguit en helder maak.

Of dalk sê jy: "Jy weet wat, ek dien die Here van kindsbeen af. Kyk wat het my oorgekom; ek verdien dit nie. Ek wil nie naby God kom nie; sal liewer weg bly van Hom af as nader kom en seer kry. Ons wil God en die wêreld hê. Ek verkies om Hom op 'n afstand te volg.

**Op 'n afstand!**

Die Bybel vertel die verhaal van 'n man wat Jesus op 'n afstand



*Petrus volg Hom op 'n afstand.*

gevolg het en die gebeure wat daarop gevolg het. Om Jesus op 'n afstand te volg is 'n gevaarlike ding. Jy sal gou vind jy is besig om van Hom af weg te beweeg, om jou geloof te verloën. Kan jy raai wie het vir Jesus op 'n afstand gevolg? Ja, Petrus! **Petrus het op 'n afstand agter Hom aan gegaan ...** (Matteus 26:58).

Op 'n afstand volg is voorberei om te faal. As jy Jesus op 'n afstand volg, moet jy 'n besluit neem, want jy is by die kruispad. Jesus sê: "Ek het jou gesoek."

Hy sal jou kry, waar jy ook al gaan!

## 2. MAAK HOM LOS!



Toe die dissipels gaan soek het, het hulle hom gekry by die kruispad, maar ook vasgemaak!

Ons God is sagmoedig; Hy dwing Homself nie af op enigiemand nie. Sy liefde vir ons is so groot dat Hy sal wag soos die wegloop seun se pa, elke dag gekyk of hy nie dalk terugkom nie. So is ons hemelse Vader se liefde! Hy wag nog vir jou.

Liewe broers en susters, God wil jou losmaak! Wat hou jou nog vas?

Sommige van ons wil nie losgemaak word nie omdat ons hart en gedagtes mekaar weerspreek. Ons sê: "Here, laat u wil gebeur," maar ons sê ook: "Here, gee tog wat my hart begeer." Hierdie teenstrydigheid briek ons in ons christelike wandel. God wil hê ons moet beweeg na wat Hy vir ons beplan het, maar ons eie begeertes hou ons terug.

*....verv. op.bls. 6*

**NEHEMIA RESIDENSIëLE BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir

Medium : Hindi

**Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar**

Certificate in Ministry
Diploma in Theology

HAAS JOU VIR TOELATING!

**Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër**

**Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.**

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org

✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)

## GEBEDSPUNTE - 2024 Junie 19 Tot Julie 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

**Junie 19** ➲ Sy seën op ons toewyding aan die Tydskrifbediening sedert 1969.

**Junie 20** ➲ Seën op ons pogings om studente te kontak vir Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkollege**.

**Junie 21** ➲ Wonderlike seën op ons **Nehemia Bybelkollege** se gradeplegtigheid gehou op 1 Junie 2024.

**Junie 22** ➲ Seën oor ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** en **St. Paul Matrikulasieskool** om die 2023-24 akademiese jaar suksesvol te kan voltooi.

**Junie 23** ➲ Seën op ons **Echo of His Call You Tube** boodskappe in Tamil, Telugu, Engels en Hindi tale.

**Junie 24** ➲ Seën op die Vakansie Bybelskool wat gehou is deur ons Hoofkerk en dogter gemeentes.

**Junie 25** ➲ Sy goedgunstige omhelsing van ons Gebedsvennote, Geloofsvennote, Ingeskrewe vennote, Lewensvennote en Groot Opdragvennote en hulle gesinne.

**Junie 26** ➲ Sy seën oor ons Wêreld Visie vir Jeug en Kinders wêreldwyd om 10 uur elke aand.

**Junie 27** ➲ Ons organisasie wat Hy so vrugbaar laat bedryf al die jare.

**Junie 28** ➲ Die gebedsondersteuning en finansiële hulp deur hulle wat ons goedgesind is.

**Junie 29** ➲ Sy seën op ons **Nehemia Bybelkollege** se Alumni-viering wat op 13 Mei 2024 gehou is.

**Junie 30** ➲ Beskerming van ons Senior Pastoor en sy gesin teen alle bose magte.

**Julie 01** ➲ Seën op ons bediening met toegewyde Hulpredakteurs wat ons **Echo of His Call** tydskrif bediening ondersteun.

**Julie 02** ➲ Sy seën op ons **St. Paul Matrikulasieskool, Nehemia Bybelskool** en **Bybel Korrespondensie kursusse**.

**Julie 03** ➲ Sy beveiliging van ons **Echo of His Call** Bedienings se personeel en hul gesinne.

## Bid asseblief vir ...

**Julie 04** ➲ Dat God meer toegewyde werkers na ons **Echo of His Call** Bedienings sal bring.

**Julie 05** ➲ Vir kinders en jongmense wat Jesus se verlossing aangeneem het by die Vakansie Bybelskool klasse wat wêreldwyd aangebied is.

**Julie 06** ➲ Vir toelating van verdienstelike studente vir ons Voltydse en Aandklas **Nehemia Bybelkollege** vir die 2024-25 akademiese jaar.

**Julie 07** ➲ Vir toelating van nuwe studente vir ons **St. Paul Matrikulasieskool** vir 2024-25 se akademiese jaar.

**Julie 08** ➲ Vir Goddelike beskerming van sendelinge wat die Evangelie versprei in afgeleë plekke onder onbereikte mense.

**Julie 09** ➲ Vir ons kantoor- en drukkerpersoneel vir goeie gesondheid.

**Julie 10** ➲ Dat God ons in behoeftes vir die maand sal voorsien.

**Julie 11** ➲ Vir ekonomiese opheffing van armlastige mense.

**Julie 12** ➲ Dat God al die lande met Godvresende leiers sal seën.

**Julie 13** ➲ Dat God ons sal bemagtig om die onbereikte mense van Indië te bereik.

**Julie 14** ➲ Vir vrede oor die hele wêreld.

**Julie 15** ➲ Dat ons Senior Pastoor suksesvol sal wees met die skryf van sy outobiografie.

**Julie 16** ➲ Dat ons bediening sal uitbrei en die Evangelie wêreldwyd verkondig kan word.

**Julie 17** ➲ Dat ons Senior Pastoor S. Sam Selva Raj en sy gesinslede veilig sal wees teen alle soorte van bose magte.

**Julie 18** ➲ Vir Goddelike beskerming van sendingwerkers oor die wêreld.

*verv. v. bls.4*

Jy wil die Here dien en leef soos dit vir Hom lekker is, maar jy is gebind, kan nie beweeg nie. In jou gebroke gemoed en verpletterde gevoel ... net God ken jou hart. Mense sien net jou



***God ken jou trane.***

glimlag; maar niemand ken jou trane in die nag se donker nie.

God wil jou graag vry maak van die bande wat jou bind, van die strikke wat jou groei belemmer. Draai na Jesus toe, Hy is besig om mense vry te maak van wat hulle bind. Dit is jou oomblik, vra Hom om jou bande te breek. Soek bevryding en voortgang, breek weg van die siklusse wat jou reis belemmer.

## BILEAM EN BALAK!

In Numerie 22 lees ons die profeet Bileam se verhaal. Die Bybel sê hy het die mag gehad om te seën en te vervloek, daarom het Moab se koning hom drie keer gevra om die Israeliete te vervloek. Maar van meet af het hy geweet dit is nie God se wil nie. Tog was hy soos die donkie vas by die kruispad – gebind aan geld, roem, besittings, mag, gesag, aandag. Hy was verdeeld tussen God se wil volg en sy eie begeertes najaag.



***Koning van Moab vra Bileam om die Israeliete te vervloek.***

Liewe vriende, as jy by die kruispad bly soos Bileam sal jou reis nie aangenaam wees nie. Die Engel van die Here het vir hom gesê "As jy nie vandag jou koers verander nie, sal Hy jou met 'n swaard teenstaan.

**ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL,**
**Medavakkam, Chennai - 100.**

- EXPERIENCED TEACHERS
- BEST COACHING
- PLAY WAY METHOD
- LOT OF PLAY MATERIALS
- DRAWING & PAINTING
- SONGS, DANCES & CULTURAL ACTIVITIES
- SPOKEN ENGLISH
- NORMAL FEES STRUCTURE
- AIR-CONDITIONED CLASS ROOMS

An *Echo of His Call* Institution
Bid asb. vir
**ADMISSIONS OPEN!**
**PRE.K.G. TO X STD**
**ENROL NOW!**
Visit School office to apply / contact us: Ph. 963 963 1295,044 - 2278 0574

**NEHEMIA AAND-BYBELKOLLEGE, TSJENNAI**

Bid asb. vir
HAAS JOU VIR TOELATING!
Medium : Tamil


Erken deur Internasionale Christenleiers & Senior pastore vir die afgelope 54 jaar

Certificate in Ministry
Diploma in Theology
Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org
✶ AANLYN KLASSE IS BESKIKBAAR ✶

God wil jou graag losmaak, maar die vraag is: wil jy losgemaak word?

## 3. BRING HOM!



God wag om jou los te maak sodat Hy jou kan terug bring. Wanneer Hy jou wil terug bring, verwag Hy nie van jou om eers 'n heilige te word voordat jy na Hom toe kom nie. Nee, kom soos jy is, met jou bagasie, pyn, teleurstellings, woede, frustrasie, neerlaag, en eensaamheid.

Jesus Christus het medelye met jou worstelings. Al was Hy gewoonlik omring deur groot groepe mense, het Hy in die laaste ure van sy lewe uiterste alleenheid beleef in die Getsemane-tuin. Jy mag dalk groot rykdom besit, invloed, bekendheid, maar tog worstel met alleenheid. God verstaan die diepte van alleenheid; Hy het Eva gevorm om Adam se alleenheid te verlig. En tog, baie van ons stry teen die onbeskryflike angs van isolasie en verpletterdheid.

God soek na jou; Hy wil jou losmaak sodat Hy jou na Hom toe kan bring. Jy is dalk gebroke, verneder, oorwonne, maar Hy wil jou losmaak, vandag.

* **Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.** - Psalm 34:19
* **Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.** - Psalm 147:3

## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

**Echo of His Call, Post Box 2957,** CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.

**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**

**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal word in ons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### *Ons bankbesonderhede:*

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: miemie60h@gmail.com**

**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**

**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15

## JESUS CHRISTUS! – WONDER-WERKER!

**"As iemand My dien, sal die Vader hom eer." - Johannes 12:26.**

God het groot dinge gedoen deur my by verskeie geleenthede. Hy het my geëer deur wonderwerke te doen in die bediening by die hoofkwartier en ook by die buite stasies. So het die geur van hierdie bediening versprei na baie dele van die wêreld. Eer aan die Naam van ons God!

By geleentheid het ek bedien in Australië by Sydney, Melbourne en Brisbane. Baie mense het die heerlike aanraking van God gevoel.

Eendag het 'n Australiese egpaar my kom ontmoet in die huis waar ek gebly het. Hulle was in trane en het my vertel dat hulle nie kinders het nie al was hulle al 13 jaar getroud. Hulle het beplan om in vrede te skei, en my gevra om daarvoor te bid (in hulle land was egskeiding alledaags).

Ek was skoon hartseer en vra toe of ek vir hulle kan bid dat God vir hulle 'n kind gee. Hulle het vir my gelag en vertel dat hulle na baie beroemde dokters gegaan het, maar hulle kon niks doen nie. Hulle vra toe: "Hoe kan gebed 'n kind bring?" Ek het hulle toe onderrig oor geloof en die uitkoms daarvan en oor God se mag. Later het ek ernstig in die gees vir hulle gebid.

En prys God! Na sowat twee maande wou ek Australië verlaat terug na Indië. Toe ek by die lughawe kom, sien ek die egpaar wat toe 'n klomp geskenke bring. Ek was geskok toe ek hulle sien huil vir ongeveer tien minute lank. Al die mense rondom het dit gesien.

Eindelik het die man my toe vertel dat sy vrou swanger geraak het en die dokter het dit daardie dag bevestig. Hulle was baie gelukkig en in die geskenkpak was daar baie kledingstukke en nuttighede vir my bediening. God het vir hulle 'n dogter gegee en hulle later met nog twee seuns geseën.



***God het drie kinders gegee en hulle geseën.***

Liewe vriend, God kan dieselfde wonder ook in jou lewe doen. Glo in Hom en vra Hom in geloof. Hy sal in al jou behoeftes voorsien.

Die Here en Verlosser Jesus Christus wat ek verkondig kan kinders gee vir die kinderlose egpare, genesing vir die siek liggame en ook ander seëninge. Hy is dieselfde gister, vandag en vir altyd. Alle eer aan God!

*******

* **"Ek woon in 'n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes. –** Jesaja 57:15.



Gebrokenheid is die terrein waarop God iets nuuts bou. Jy mag dalk vasgevang wees in sonde, slegte gewoontes, siekte, geldelike moeilikhede, algemene vloeke, of tradisies, maar God wil jou

losmaak want Hy is lief vir jou en wil jou terug hê. As jy voel asof jy te ver weg van Hom af hardloop, onthou net Hy sê: "Ek wil jou terug hê." Sal jy omdraai na Hom toe?



God is nie besorg oor jou verlede nie. Ragab, Matteus, Saggeus, almal het 'n moeilike verlede gehad, maar dit het nie hul hede of toekoms bepaal nie. God wil jou hê! Sal jy Hom toelaat om jou los te maak?

Baie staan by die kruispad; besluit vandag nog om oor te gee aan Hom. Want as jy weier om oor te gee, sal Hy jou laat gaan, maar jy sal die gevolge moet dra.

Onthou, die Here het jou nodig!

*******

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **BYBELKOR -** Bybelkorrespondensiekursusse : Engels, Tamil & Hindi
3. **ECHO OF HIS CALL** - Maandblad: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamees, Punjabi, Urdu, Singalees & Afrikaans.
4. Nehemia Bybelkolleges Drie sentra) (Aand / Residensiëel)
5. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels en Tamil
6. Groot Opdrag-vennote (Netwerk van Pastore)
7. Opleidingsprogramme
8. Veldtogte
9. Literatuurverspreiding en Opvolg
10. Evangeliese Drukpers -- Publikasies
11. St. Paul's Matriculation School - Village English High School
12. Sondagskole : 8.30 vm. & 4.00 nm. Sondag
13. **Tamil dienste : 9.00 vm. Sondag**
14. **Hindi dienste : 4.00 nm. Sondag**
15. **Telugu diens : 5.00 nm. Sondag**
16. **Engels en Tamil diens : 6.00 nm. Sondag**
17. Vrouebiduur : 5.30 nm. Woensdag
18. Mannebiduur : 7.00 nm. Vrydag
19. Dissipelskapsbyeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
20. Huisbyeenkomste : 6.30 nm. Dinsdae en Donderdae
21. Spesiale Heilige Nagmaal : 6.00 vm. Eerste dag van elke maand
22. Terugvoervergadering van dominees :5.30 nm. Eerste Saterdag
23. Gebedsgeleentheid vir ouers :4.00 nm. Eerste Sondag
24. Naggebed : 9.30 nm. Tweede Vrydag
25. Vastende Gebed : 9.30 vm. Derde Saterdag
26. Heilige Nagmaal : Tweede Sondagdienste
27. Jeug- / Kindergebede : 10.00 nm. daagliks
28. Personeelgodsdiens : 9.00 vm. daagliks
29. Kantoor : 9. 00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

## Kind Attention!

### PR. S. SAM SELVA RAJ'S AUTOBIOGRAPHY!

Ons is in die pylvak van die voltooiing en uitgee van Pastoor S. Sam Selva Raj se outobiografie in boekformaat. **Ons vra vir julle getuienisse wat tot 10 lyne kan beslaan en wat vertel hoe God jou geestelike groei geraak het deur hierdie bediening.** Ons sal dit ook waardeer as jy 'n foto kan gee om in te sluit in die outobiografie.

- Redakteur

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

RNITCNO.TNAFR/2007/21215, Postal Regn.No.TN/CH/(C)/127/22-24

## Echo of His Call

## YouTube

Kyk asseblief na ons **Echo of His Call You Tube Kanaal** en teken daarop in wanneer jy die tyd stel. Dankie.

- Redakteur

### Bid asseblief

## ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
Telefoon : (+91-44) 2852 8282
Sel : (+91) 98410 71852
E-pos : sam@echoofhiscall.org

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org) **Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.com

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215
Postal Regn.No. TN/CH/(C)/127/22-24
Date of Publication: First week of every month
Date of Posting : 3rd & 4th of every month
Posted at "Egmore RMS / 1 Patrika Channel"
on 4th JUNE 2024
If un-delivered please return to:
ECHO OF HIS CALL
P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.
Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766

*JESUS HET JOU LIEF!*

To

*GOD SEËN JOU!*

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**